**Skriflesing**: Markus 4:1-9; 13-20
**Tema**: Die Bybel as saad.

‘n Saaier in die Bybel se tyd het die sak met saad oor sy skouer gedra en met die hand gesaai. In die eerste plek is die Here die saaier in hierdie gelykenis.
Hy saai die saad van sy Woord. Die saad is die goeie nuus van Jesus Christus. Die saaier saai presies in die vore, maar ook met groot vryheid. Die saad val wyd. Wanneer Hy sy Goeie Saad saai, sluit Hy niemand uit nie. Hy diskwalifiseer niemand.

Ons is die grond waarop die saad val. Wat gebeur wanneer die saad nou weer op jou val?
In die gelykenis wat die Here vertel, val die saad op 4 plekke. Elkeen van ons moet self besluit wat gebeur as die goeie saad van God se verlossingsboodskap in ons lewens gesaai word.

**1. ‘n Deel van die saad val in die pad en die voëls pik dit op.**
Ons sal hier kan praat van oppervlakkige volgelinge.
Dit is hulle wat die goeie nuus hoor, dit nie wil verstaan nie en die bose vat dit weg.
Jesus verwys hier in die eerste plek na die hardkoppige Jode en godsdienstige leiers van sy tyd.
Daar is vandag steeds mense wat sy Goeie Nuus hoor, maar nie wil hoor nie. Hulle verkies om hulle nie te verdiep in die Woord nie. Hulle kies om nie te verstaan nie en nie te glo nie.

**2. ‘n Deel van die saad val op ‘n klipbank.**
Ons sal die mense mooiweer volgelinge kan noem.
Die grond op die klipbank is vlak en die saad kom op met spoed. Maar dit skiet nie wortel nie en die son verskroei en verdroog die plantjies wat opgekom het.
Skares het agter Jesus aangeloop. Hulle het sy wonderwerke gesien, sy Woord gehoor en dit met blydskap aangeneem. Maar dit het nie lank gehou nie.

Daar is vandag steeds mense wat baie vinnig opgewonde geword het oor Jesus, maar toe die volg van Jesus vir hulle ‘n prys kos, hulle vervolg en verdruk word, die opofferings te veel word, toe word hulle afvallig. ‘n Vinnige oplewing wat ongelukkig net so vinnig weer verdwyn.

Dit is asof Jesus met sy voorbeelde al nader aan ons elkeen kom. Die derde voorbeeld wat hy gebruik, is die van wêreldse volgelinge.

1. **‘n Deel van die saad val tussen die onkruid.**

Hierdie saad groei, maar daar het ook onkruid opgekom en dit verstik.
Die is mense wat sy Goeie Nuus hoor en dit kom op in hulle lewens, maar saam met die goeie saad kom ook onkruid op. Die onkruid verdring hulle sodat hulle nie vrug dra nie.

Jesus verklaar watter onkruid ons geestelike groei verstik. Dit is bekommernis, die verleidelikheid van rykdomen die begeertes na allerlei dinge.
Ons lees nie dat die plantjies wat uit die goeie saad groei, doodgaan nie. Maar die wêreldse onkruid verstik die Woord en dit maak dat dié plante nie vrug dra nie.

Ek het hierdie week bidure gehou oor die Here se skrywe aan die gemeente in Sardis. In Openbaring 3:1 lees ons die volgende oor dié gemeente: "Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood." Watter skok moes die boodskap nie vir hierdie gemeente gewees het nie!

Maar hoe gaan dit in ons gemeente? Elkeen van ons moet eerlik na ons eie verhouding met die Here gaan kyk. Staan ons in 'n lewende geloofsverhouding met die Here? Dit lyk dalk of ons lewe, maar dra ons lewens vrug tot sy eer?

**4. 'n Deel van die saad val op goeie grond.**
Hierdie is die ware volgelinge van die Here.
Dit is hulle wat die goeie nuus hoor, dit verstaan, hulle eie maak en wie se lewens oorvloedige vrug dra. (30, 60 en 100 voudig)

God laat groei. Die Heilige Gees berei ons voor om goeie grond te wees. Anders sou ons nooit tot bekering gekom het nie. Maar elkeen van ons het ook die verantwoordelikheid omgoeie grond te wees.
**Ons moet leef in die Here se teenwoordigheid.**
Ons moet kwaliteit tyd met God deurbring, ons verdiep in sy Woord en in gebed.
**Ons moet op God vertrou.**
Alles in die lewe gaan nie net goedgaan nie, daar gaan verdrukking en vervolging in velerlei vorme kom. Jy kan nie net verwag dat alles mooiweer in jou lewe sal wees nie. In ons onweer moet ons steeds op God vertrou.
**Ons moet op God fokus.** Bekommernisse, die verleidelik van rykdom en allerlei begeerlikhede gaan oor jou pad kom. Iemand het gesê dat ons nie kan verhinder dat 'n voël oor ons kop vlieg nie, maar ons kan verhinder dat die voël in ons hare nesmaak. Slegte en moeilike goed gaan oor ons lewens kom, maar ons moet verhinder dat dit in ons lewens nesmaak.
**En ons moet gaan vrugdra.**

In 1 Korintiërs 3:6-9 skryf Paulus:
"Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het.
7 Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei.
8 Die een wat plant en die een wat natgooi, staan op gelyke voet: God sal elkeen beloon volgens sy werk.
9 Ons is medewerkers in diens van God, en julle is die saailand van God."

Daar is baie maniere waarop ons lewens kan vrugdra. Deel van ons vrugdra is dat ons vandag, saam met die Here, saaiers sal wees. En soos Hy moet ons nie synig saai nie, ons moet “mors” met sy goeie saad.
In Prediker 11:6 staan daar: “Saai jou saad in die môre, gaan in die laatmiddag daarmee voort. Jy weet nie watter van die twee sal 'n oes lewer nie en of altwee ewe goed sal wees nie.”

Ons moet ons nie bekommer of die saad gaan ontkiem en vrug dra nie. Ons moet saai.
Ons moet nie moedeloos raak nie. Jesus leer vir ons dat die saad net op 1 van die 4 plekke waar die val, wel groei en vrug dra.
Vandag is ons steeds medewerkers in diens van God.
Ons moet net aanhou om sy Goeie Saad te saai. God sal laat groei.
Amen